

Sondag 8 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 1:57-66

Fokusgedeelte: Lukas 1:66

Die wegbereider vir die Koning is gebore

“Johannes is sy naam.” Sagaria en Elisabet se beslistheid oor die naam verbaas almal teenwoordig. Trouens, in die hele bergstreek van Judea is daar oor die kindjie en sy naam gepraat. Die vraag op almal se lippe is dieselfde: “Wat sal hierdie kindjie eendag word?”

Een ding is duidelik oor hierdie kindjie: die Here is by hom. Hy is spesiaal! Hierdie kindjie se lewe, sy hele bestaan, is nie op homself gerig nie, maar op iemand anders, iemand groter as hy. Dit is waarvoor hy gebore is: hy is die wegbereider vir die evangelie. *Johannes is die wegbereider vir Christus – die brug tussen die Ou en die Nuwe Testament.*

Dit is wat ons moet raaksien in hierdie gedeelte. By Kersfees is ons so lief om te fokus op Josef en Maria, die wyse manne of die herders, maar in hierdie gedeelte word daar vir ons iets wonderbaarlik duidelik gemaak. Dit is die band tussen die Ou en die Nuwe Testament – meer besonder die band tussen die profesie van die Ou Testament en die kindjie Jesus Christus. In Christus word al God se beloftes van die Ou Testament bewaarheid.

Hierdie geskiedenis waarby ons stilstaan, is nie die geskiedenis van Johannes die Doper nie. Dit is die geskiedenis van God se genade in Jesus Christus, wat deur die eeue heen in stand gehou is tot vandag toe. Trouens, selfs die name van die mense in hierdie stuk geskiedenis wys vir ons daarop. Sagaria beteken *God onthou sy verbond!* Elisabet beteken *God is die absolute getroue.* Johannes beteken *God is genadig.*

Alles in hierdie teksgedeelte wys op een ding: nie die belangrikheid van Johannes nie. Nee, dit wys op die belangrikheid van die kindjie van Josef en Maria, vir Wie Johannes die wegbereider is.

Sing: Skrifberyming 5-3:1

Ds. MJ Erasmus (Thys) (Nelspruit)